Bosveld Jagters- en wildbewaringsvereniging Letaba Tak

Ge-akrediteer deur SAPD Akkreditasie nommer 1300084
Posbus 1989, Tzaneen, 0850 Tel: 071 8714 710 Faks: (086) 5549798
E-pos: letaba@bosveldjagters.co.za Web adres: www.bosveldjagters.co.za

# Notule van die BJV Letaba Ledevergadering gehou op 2012-06-07 om 18:00 te BJV Letaba Klubhuis Tzaneen

**1. Opening en verwelkoming**:
Hansie Botha verwelkom almal teenwoordig en open met gebed.

**2. Doelstellings:**
Deon Davel lees die doelstellings voor.

**3. Lief en Leed:**
3.1 Rina Botes is swanger; baie geluk.
3.2 Bid vir Riaan van Brakel na sy helikopter-ongeluk, hy is steeds in 'n ernstige toestand in Medikliniek Polokwane.

**4. Verjaarsdae :**
Hansie wens almal geluk wat gedurende die afgelope maand verjaar het.

**5. Teenwoordig:**

**5.1 Soos per presensie lys.**

**6. Verskonings:**

| | |
|---|---|
| Francois Malan | André le Grange |
| Bosman Kruger | Alwin Fleischmann |
| Cor Olivier | Wim Jacobs |
| Chris de Wet | |

**7. Vorige notule:**
Die vorige notule word aanvaar. Chris de Wet voorsteller en Hansie Botha sekondant.

**8. Finansies & Administrasie:**
Finansiële verslag word voorgelê:

| | |
|---|---|
| **Spaarrekening Saldo (kroeg)** | **R 15 606-74** |
| **BJV Spaarrekening** | R 58 507-45 |
| **BJV Tjekrekening** | R 1 195-77 |
| **Kontant op hand** | R 1 651-15 |

**9. Nuwe Lede & Toegewyde Status**

**9.1 Nuwe Aansoeke:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **9.1.1** | Louru Engelbrecht | 7119 | Goedgekeur |
| **9.1.2** | Elrisa du Toit | 7117 | Goedgekeur |
| **9.1.3** | Petrus Benjamin Kotze (Pieter) | 7099 | Goedgekeur |
| **9.1.4** | Hermanus Lodewikus Coetzee (Herman) | 7098 | Goedgekeur |
| **9.1.5** | Johannes Machiel Pieterse | | Goedgekeur |
| **9.1.6** | Wentzel Geldenhuys | | Goedgekeur |
| **9.1.7** | Cornelius Petrus Kloppers | | Goedgekeur |

**9.2 Toegewyde Jagterstatus**:

| | | | |
|---|---|---|---|
| **9.2.1** | Hermanus Lodewikus Coetzee | 7098 | Goedgekeur |
| **9.2.2** | A.W. Jansen van Rensburg | 2881 | Goedgekeur |

**10. Sake voortspruitend uit die vorige notule**:

Word bespreek en afgehandel onder die onderskeie punte soos op die agenda.

**11. Klubhuis & Skietbaangronde:**

**11.1 Arbeid :**

Belinda Badenhorst is her aangestel in 'n halfdagpos as administratiewe klerk. Sy werk Maandag tot Vrydag van 14:00 tot 17:00. Sy sal verder vyf ure per maand fleksietyd werk (een skietdag per maand). Haar salaris is R2 500-00 per maand.

**11.2 Klubhuis :**

**11.2.1 Hek en hekspoor:**

Alf Wandrag is nog besig met die projek. Die hek is klaar by die klub afgelaai maar moet nog geïnstalleer word.

**11.2.2 Kampeerterrein; aanlê van addisionele krag :**

Fanie Schoeman sal met Wynand Horak koördineer en hulle sal die nodige terugvoer aan die dagbestuur gee.

**11.2.3. Terugvoer krag :**

Reeds by 11.2.2 bespreek

**11.2.4 Teëls vir storte :**

Deon Davel skenk teëls vir die storte en sal reël dat dit ingesit word.

**11.2.5 Versekering :**

Letaba tak is tans as volg verseker;
Public Liability – R 1000 000-00 @ R62-00 p/m
Skietbaan - R 500 000-00 @ R 300-00 p/m.

Die hele BJV kan omvattend verseker word vir lede en aktiwiteite soos volg;
R 10 000 000-00 @ R 1 800-00 per jaar.

Die nuwe voorstel word algemeen aanvaar en Hansie Botha sal dit aan uitvoerend deurgee.

**12. Skietbaan :**

**12.1 Uitbreiding van 100 m skietpunt :**

Giam Fourie gee terugvoer oor die vordering en meld dat staal en sink vir die struktuur geborg is. Hy bedank almal wat help en alle borge.

**12.2 Boompies op 200 m :**

Na 'n bespreking word die volgende besluit geneem;
Dat daar boompies by die 200 m skietpunt geplant sal word.

**12.3 Skadunet :**

Chris Venter sal reël vir die oprigting daarvan.

**12.4 Krambinder en teiken staanders :**

Na bespreking en oorweging van verskeie opsies is besluit dat die krambinder wat aangekoop is, in die stoor toegesluit word.
Na bespreking word besluit dat daar 'n voorbeeld deur elke voorsteller gemaak sal word en dat daar dan besluit sal word watter teiken staander die beste en mees koste effektief sal wees.

**12.5 Kroeg :**

Tinus Erasmus rapporteer dat alles in die kroeg goed verloop. Daar is egter 'n dringende behoefte vir nog hulp in die kroeg.

**13. Skietdae :**

**13.1 Groepering skietdag – 29 September 2012:**

13.1.1 Die video wat gemaak is sal binnekort op You-Tube gelaai word.
13.1.2 Daar moet dringend aandag gegee word aan borge.
13.1.3 Versoek dat lede uitstallers sal nader.

13.1.4 Wim Jacobs sal navraag doen oor 'n jag simuleerder om in die klubhuis op te stel vir die dag.

13.1.5 'n 15m X 15m tent sal opgeslaan word as 'n biertuin. Daar word besluit dat dit op die windbuksbaan opgeslaan moet word.

13.1.6 Die area tussen die 200m en 300m skietpunte sal vir die 4 X 4 klub geallokeer word.

13.1.7 Die area tussen die 100m en 200m skietpunte sal parkering vir die skuts wees.

13.1.8 Daar word ongeveer 25 lede benodig om die dag te help met verskeie take om van die dag 'n sukses te maak.

13.1.9 Daar word besluit dat die lede wat Saterdag werk reeds Vrydag sal kan skiet. Chris Venter sal die teikens dan toesluit en hulle sal Saterdag saam met die res gemeet word.

13.1.10 Hansie Botha sal kartonne en karton asblikke bestel.

13.1.11 BJV lede wat uitstalruimtes wil hê, kan dit gratis kry. Nie-lede betaal R500-00 vir uitstalruimte.

13.1.12 Die baan se onderhoud moet gedoen word; Hansie Botha sal met Renier en Calla Kruger van Oceana onderhandel.

13.1.13 Ambulansdienste moet die dag teenwoordig wees. Hansie onderneem om met dr. Van Rensburg te praat.

13.1.14 Die 4 X 4 klub is op hul eie en sal hul eie ding doen.

13.1.15 Die biertuin wat deur die SAB opgestel word sal buite die klubhuis bedryf word en die res van die drank sal in die klub se kroeg verkoop word.

13.1.16 Die bane vir elke dissipline moet uitgesit en opgestel word, elke verantwoordelike persoon moet reël vir sy eie helpers.

13.1.17 Daar sal geen windbuksbaan wees nie, minimum is ,22.

13.1.18 P.G. Glass sal weer hul glaskanon beskikbaar stel.

13.1.19 Die volgende dissiplines sal geskiet word; onder toesig van die genoemde lede.

- Boog – Leon Whitehead
- Handwapen – Alvin Fleischman
- ,22 – Dawie van Vuuren
- Jaggeweer – Cor olivier / Ivy Iverson en Marius van Rensburg.
- Haelgeweer – Johnny Rech
- 50 – Trevello
- Meting – Chris Venter
- Kroeg – Tinus Erasmus
- Kos – Phillip Robenson

13.1.20 Mobile toilette moet gereel word en indien enige iemand kontak het moet hulle met Chris de Wet skakel.

**13.2 Chasa Posliga en Handwapen – 9 Junie 2012 :**

- CHASA sal deur Ivy Iverson hanteer word en Francois Malan sal die inskrywings hanteer. Die inskrywings beloop R30-00 per rondte. Die teikens is klaar geplak en reg.

- ❖ Handwapen en Posliga sal deur Chris Venter, Etienne Sales en Alvin Fleischman hanteer word, inskrywings is R20-00 per rondte.

**13.3 Ghong en Boog - 7 Julie 2012 :**

- Ghong – Alwin Fleischman is in beheer van hierdie reëlings.
- Boogskiet – Leon Whitehead is in beheer.

**14. Opleiding :**

14.1 Vanaf 9 – 12 Augustus is die junior 2 kursus te Mussina.

14.2 Die senior kursus vind plaas gedurende dieselfde tydperk.

**15. Kleiduif :**

Geen verslag.

**16. Boogjag :**

Geen verslag.

**17. Handwapenjag :**

Geen verslag.

**18. Buskruit :**

Hansie Botha onderneem om 'n skietdag te reël vir die buskruit afdeling.

**19. Windbuks :**

Hansie Botha sal met Wally van Dyk praat oor die windbuks afdeling, want die projek kom nie van die grond af nie. Daar moet dringend aandag aan gegee word.

**20. Jaggeleenthede :**

20.1 Daar is jaggeleenthede op die web geadverteer.

20.2 Johnny Rech stel voor dat daar 'n aansteekbord in die klub opgesit word waar lede pryslyste kan opsit asook kommentaar oor plase waar hul gejag het (hetsy positief of negatief). Lede voel dit is 'n goeie idee. Hansie sal reël vir die bord en Tinus sal dit opsit.

**21. Redaksie / Publikasies en Pers :**

Tuba van der Walt het'n advertensie deurgegee t.o.v sy boek – Pensmis. Sy vrou se boek Wild Flowers of the Limpopo.

Daar word besluit om tien boeke van Tuba te bestel. Hansie Botha en Bosman Kruger sal die bestelling hanteer.

**22. Uitvoerende vergadering :**

Hansie Botha gee terugvoer dat die Uitvoerend per e-pos 'n bydrae gevra het vir die CHASA algemene vergadering wat in September 2012 deur die BJV in Modimole aangebied word.

Tinus Erasmus sê dat die besluit op die vorige uitvoerende vergadering geneem is dat Hoofkantoor alle kostes dra en dat elke tak R3 000-00 moet bydra om die

gaskunstenaar wat met die uitvoerende prysuitdeling gaan optree se kostes te dek.
Hierdie besluit was algemeen aanvaar deur al die takke.
Tinus Erasmus voel dat Uitvoerend by die besluit moet bly en dat Letaba geen bydrae moet lewer vir die CHASA vergadering nie.
Dit word so aanvaar deur die vergadering en Hansie Botha sal dit so aan Uitvoerend deurgee.

**23. Fondsinsamelings :**

**23.1 Advertensieborde :**
Advertensies is beskikbaar teen R 1 800-00 vir'n drie jaar tydperk.

**23.2 Boomplant :**
Daar is reeds verskeie inheemse bome geplant en die plan is dat daar nog meer geplan sal word.
Chris Venter bedank vir Etienne Sales wat die bome water gee.

**24. Algemeen en Vasstellings en byvoegings tot die Agenda :**

**24.1 CHASA Hofsaak :**
Die punt word van die agenda verwyder.

**24.2 Bestuursjag;**
Tinus Erasmus gee die volgende terugvoer;
Die bespreking vir die naweek is gedoen vir tydperk 26 / 29 Julie 2012 te Makgale Game Lodge op Bandelierskop. Daar is plek vir twintig lede. Lede wat wil saamgaan moet vroegtydig bespreek en hul betalings by Belinda in die kantoor doen. Belinda sal 'n sms aan alle lede uitstuur. Wildspryse en ander inligting is by Tinus beskikbaar.

**24.3 CHASA Raadsvergadering :**
Reeds hanteer onder punt 22.

**25. Wildsete :**
Hansie Botha versoek elke lid om 'n bydrae te lewer en te kyk of ons nie buitengewone tipes vleis kan voorsit by die wildsete nie.

**26. Skiet op Sondae :**
Verskeie lede het versoek dat die skietbaan op Sondae oopgestel moet word vir lede.
Die vergadering se gevoel is dat dit vir 'n toetstydperk toegestaan kan word.
Die skietbaan sal dan tussen 11:00 en 15:00 op 'n Sondag gebruik kan word.
Indien klagtes van omliggende grondeienaars ontvang word, sal die besluit heroorweeg word.

**2.7 Young Guides :**

Tinus Erasmus het 'n versoek gekry dat die BJV betrokke moet raak. Hy sal dit ondersoek en met die organiseerder kontak. Daar sal op die volgende vergadering terugvoer gegee word.

*Die volgende Ledevergadering sal plaasvind op* ***Donderdag 5 Julie 2012*** *om* ***18:00*** *by die* ***Klubhuis.***

.........................................
Voorsitter